

AFDELING A LEESBEGRIP

Vraag 1

Lees die volgende koerantartikel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Wiskundepunte kou-kou verbeter


1. Kou kougom (gum) in die wiskundeklas en jou punte kan verbeter (improve). So is bevind in 'n studie in die VSA wat gefinansier is deur die kougomvervaardiger Wrigley. Kenners vermoed die kouery verlaag stresvlakke en 'n Pretoriase arbeidsterapeut sê sy sal dit goed glo.
2. Navorsers het vier wiskundeklasse in Texas met 108 leerlinge tussen 13 en 16 jaar oud gewerf vir die studie. Die helfte is kougom gegee om in die klaskamer te kou terwyl hulle huiswerk doen en gedurende (during) toetse. Ná 14 weke het die kougomkouers se wiskundetellings op 'n Texasvaardigheidstoets met 3% verbeter.
3. Dr. Craig Johnston, een van die navorsers (researcher) van die Baylor College of Medicine in Houston, sê die verandering (change) is klein, maar statisties betekenisvol. Die kouers het ook beter wiskundepunte aan die einde van die jaar behaal as hul nie-kouende klasmaats.
4. "Uiteindelik het iemand 'n studie gedoen daaroor!" het me. Carina Taylor, 'n arbeidsterapeut van Pretoria gesê. Volgens haar stimuleer die herhalende (repetitive) beweging van die kaakgewrig dié deel van die brein wat ons help om kalm te bly en aandag te gee. Kougom kalmeer dus studente in eksamensituasies en help hulle om gefokus te bly. En hiervoor behoort die meeste studente en skoliere eureka te sê!
5. Die navorsers glo die ware probleem met kougom in skole is nie die gekou nie, maar die manier waarop leerders van hul kougomballetjies ontslae raak – deur dit onder stoele en lessenaars vas te plak.
6. Hulle stel voor dat onderwysers kinders motiveer om op te hou met dié slegte gedrag of dat skole se skoonmakers(cleaners) toegerus word met skrapers waarmee hulle die kougom kan verwijder.

(Verwerk uit "Beeld" – 15 April 2009)

- 1.1 **Watter les** behoort **onderwysers** uit hierdie artikel te leer? (1)
- 1.2 Die Wrigley-studie se navorsing oor kougom het die volgende resultaat gelewer. Kies jou antwoord uit die volgende moontlikhede en skryf net die letter en antwoord neer.
 - A. Onderwysers hou nie van kougom nie.
 - B. Kougomkou help net vir Wiskunde.
 - C. Kougom verlaag stresvlakke.
 - D. Kougom gee ekstra werk vir skoonmakers.(1)
- 1.3 **Wat beteken** die woord **gewerf** in paragraaf 2? **Verduidelik in jou eie sin.(explain in your own sentence)** (1)
- 1.4 "Uiteindelik het iemand 'n studie gedoen daaroor!" (par.4)
- 1.4.1 **Wat impliseer** hierdie sin oor hoe Carina Taylor **gevoel** het? Verduidelik in jou eie woorde. (1)

- 1.4.2 **Watter sin (which sentence)** in paragraaf 4 impliseer hierdie selfde gevoel? (1)
- 1.5 Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is. Motiveer jou antwoord deur ‘n **aanhaling** neer te skryf.
- 1.5.1 Die Baylor College of Medicine het self vir die navorsing betaal. (2)
- 1.6 Het die kougomkouers ná die studie van 14 weke opgehou om kougom te kou? **Verduidelik (explain)** jou antwoord. (1)
- 1.7 **Verduidelik waarom (explain why)** die ware probleem van kougom in skole nie die gekou is nie. Noem **twee** gevolge/implikasies van die ware probleem in jou antwoord. (2)

[10]



MEMORANDUM

Vraag 1

- 1.1 Leerlinge behoort toegelaat te word om kougom gedurende klas-/toets-/eksamensituasies te kou.//Kougomkou behoort nie as ‘n oortreding beskou te word nie. (1)
- 1.2 C. Kougom verlaag stresvlakke (1)
- 1.3 Leerlinge is gekies/bymekaar gemaak. (make sure you use the word in a full sentence.) (1)
- 1.4.1 Sy het opgewonde/dankbaar/verlig gevoel. (the emotion is the key word in the sentence) (1)
- 1.4.2 “En hiervoor behoort die meeste studente en skoliere eureka te sê!” (quote) (1)
- 1.5.1 Onwaar – “wat gefinansier is deur die kougomvervaardiger Wrigley.” (2)
- 1.6 Nee, aan die einde van die jaar het hulle ook beter in hul Wiskunde-eksamen gevaaar. (motivation must support your YES/NO answer) (1)
- 1.7
- Hulle plak dit oral: stoele, lessenaars
 - Dit is nie maklik om dit te verwijder nie en kan bydra tot onnodige onkoste – skrapers vir skoonmakers. (2)

[10]